

VERSLAG- DEEL 2A (Vir publikasie)

1 AANBEVELINGS

- 1.1 Dit sal goed wees om die onderwysers te herinner dat die sillabus vir 2008 anders gaan wees en dat die formaat van die jaareindvraestel heeltemaal anders gaan wees.
- 1.2 Kandidate moet aile vrae uiters sorgvuldig lees en interpreteer. Aile instruksies is baie duidelik en direk gestel. Heelwat kandidate verloor onnodige punte deur nalatigheid.
- 1.3 Kandidate moet die tyd wat aan elke vraag bestuur word, beplan om sodoende die vraestel met gemak te voltooi.
- 1.4 Daar moet aandag aan die basis van vier- en twee-stemmige harmonie en komposisie geskenk word. Kandidate moet weet hoe om die dominant vierklank; basiese akkoord progressies; herkenning van die korrekte toonsoorte; uitkenning van modulاسies; die gebruik van die leitoon en deurgaande en kadensiele progressies, te gebruik. Sommige kandidate weet nie eers hoe om primere drieklanke in die korrekte volgorde te gebruik nie.
- 1.5 Leesbare duidelike handskrif lei tot akkurate nasien. 'n Handskrif wat moeilik lees, is tot nadeel van die kandidate. Moedig kandidate aan om met 'n skerp potlood te werk.
- 1.6 Dit is duidelik dat die meederheid van kandidate goed voorberei is om hierdie vraestel te beantwoord.
- 1.7 Onderwysers moet onthou dat daar nie EEN korrekte antwoord vir Vrae 1;

2; 3 en 5 is nie. Elke antwoord staan op sy eie en die eksaminator/nasiener luister na elke kandidaat se komposisie. Kandidate moet seker maak dat hulle aan al die vereistes van die vraag voldoen.

VRAESTEL 2

VRAAG 1

Baie min kandidate het hierdie vraag gekies. Heelwat het nie reëlmatige 2 of 4 frases gebruik nie. Die toonsoort bly hoofsaaklik C majeur en dikwels word geen modulاسie in die antwoord getoon nie, al was hierdie 'n instruksie. Kandidate breek nie die woorde korrek in lettergrepe op nie, en frasering ontbreek dikwels. Tempo- en dinamiese aanduidings is noodsaaklik om die karakter van die melodie te beskryf. Sommige kandidate het nie die stemtipe aangedui nie, maar het eerder 'n instrument aangedui wat heelmaal verkeerd is.

VRAAG 2

Die meeste kandidate het hierdie vraag goed beantwoord maar heelwat kandidate het egter nie al die spesifieke instruksies gevolg nie. Die drieledige vorm van 12 mate en die modulاسie na 'n verwante toonsoort was nie altyd sigbaar nie. Sommige kandidate het die tydsoortteken verkeerdelik aan die begin van elke reël geskryf en sommige kandidate het versuim om die toonsoortteken aan die begin van elke reël te skryf. Die meeste het instrumente gekies wat by die melodie en sleutel pas. Kandidate moet seker maak dat hulle die omvang van hulle instrument van keuse ken. 'n Stem (as 'n instrument) moet gespesifiseer word. Dinamiese aanduidings is noodsaaklik om die karakter van die melodie te beskryf.

VRAAG 3

Hierdie vraag bly moeilik vir die meeste kandidate. Kandidate moet onthou dat beide frases in 'n spesifieke toonsoort eindig met 'n kadens (voltooid; onvoltooid; onderbroke) met 'n leitoon in daardie spesifieke toonsoort. Nabootsing (mate 1 -2 en maat 5) bly die sleutel tot hierdie vraag en die nabootsing hoef nie presies te wees, maar mag oak ritmies wees. Die verwante toonsoort wat in hierdie vraag gebruik word, is B mol majeur. Rustekens is daar om aan die kandidate aan te dui wanneer die volgende frase begin. Sommige kandidate gebruik rustekens sonder om daarvoor te dink in die middel van 'n frase wat verkeerd is. Dit is baie belangrik om elke stem apart te fraseer. Leitone moet altyd styg en intervale van 'n 2de; 4de; 7e behoort vermy te word. Eindig die komposisie met 'n voltooide kadens in die oorspronklike toonsoort.

VRAAG 4

Hierdie vraag het oor die algemeen geen probleme opgelewer nie. Die meeste het uitstekende antwoorde gegee en hierdie vraag behoort heel eerste gedurende enige eksamen beantwoord te word.

- 4.1 Dit is belangrik om die toonsoort sowel as die akkoord en die posisie van die akkoord te noem bv. G majeur: V6
- 4.2 Meeste kandidate het (i) korrek beantwoord maar het G majeur en D majeur verwar met die kadensuitkenning in (ii).
- 4.3 Onthou om die nie-harmoniese note duidelik en akkuraat te beskryf bv. ongeaksentueerde deurgangsnoot en nie net deurgangsnoot nie.

VRAAG 5

Hierdie vraag is redelik goed beantwoord alhoewel kandidate nie altyd deurgaande en kadensiële progressies raakgesien het nie. Die kadensiële progressie word spesifiek aan die einde van die laaste frase gebruik. Baie min kandidate kon die kadensiële progressie korrek gebruik. Die gebruik van die dominant-vierklank (V7) met korrekte oplossing benodig aandag. Onthou dat elke frase in 'n spesifieke toonsoort met 'n geskikte kadens moet eindig. (voltooid; onderbroke). Eindig die komposisie met 'n kadensiële progressie met gebruikmaking van 'n voltooide kadens. Die meeste kandidate het die hooftoonsoort (A majeur) asook die modulاسie na die dominanttoonsoort (E majeur) aan die einde van die eerste frase herken. Geen ander modulاسie kom voor in hierdie vraag nie. Meeste nie-harmoniese note is maklik herkenbaar en kom in die sopraanstem voor. Die terughouding in maat 7 is meestal nie uitgeken nie. Die harmoniese ritme is hoofsaaklik In kwartpolsslslag harmonie. Sommige kandidate het elke noot insluitend agstes wat eintlik nie- harmoniese note is, geharmoniseer. Onthou weereens dat leitone altyd moet styg en dat V slegs na i of VI kan oplos.